



# Wenk van die Maand

## Desember 2019

### pH IS 'N SWAK AANDUIDING VAN SOUTINHOUD

pH is 'n aanduiding van hoe suur of alkalies water is. Soos in vorige uitgawes bespreek, kan alkaliese water die effektiwiteit van sekere insekdoders deur 'n proses bekend as alkaliese hidroliese beperk.

'n Ontstellende tendens is om pH as 'n aanduiding van ioniese inhoud van water te gebruik.

Ons hoor byvoorbeeld dikwels dat water geskik vir glifosaat is, bloot omdat dit 'n lae pH het! pH is ongelukkig nie met ioniese inhoud van water gekorreleer nie en dit is 'n baie swak aanduiding van hoe hard of brak die water is.

Om dit te bewys, kan die volgende tabel met twee waterbronne se kationiese inhoud en EG as voorbeeld gebruik word. Beide bronne met 'n pH van presies 8.0.

| pH  | Kation & EG | Ioniese konsentrasie in mg/L & EG in mS/m |        |
|-----|-------------|---|--------|
|     |             | Bron 1                                    | Bron 2 |
| 8.0 | Kalsium     | 44  | 107    |
|     | Magnesium   | 41  | 233    |
|     | Natrium     | 36  | 1648   |
|     | EG          | 63  | 1110   |

Wat duidelik uitstaan is dat die twee waterbronne dieselfde pH het, maar dat die ioniese inhoud daarvan totaal verskil.

Gebruik eerder EG as 'n aanduiding van ioniese inhoud. EG kan nie die spesifieke katione aandui nie, maar dit sal 'n baie goeie aanduiding van totale ioniese inhoud gee.

#### Wat is die belangrike ione en faktore?

Wanneer daar vermoed word dat waterkwaliteit 'n probleem is en dat toetse gedoen moet word, moet daar ten minste 'n pH en 'n EG lesing geneem word.

Indien 'n volle waterontleding gedoen moet word, sluit ten minste pH, EG, kalsium, magnesium, natrium, kalium en bikarbonaat in. Indien hoë ystervlakke vermoed word, kan dit ook by die ontleding ingesluit word.

#### Villa se mening

In die meeste gevalle sal 'n volledige waterontleding nie nodig wees nie. Dit is egter altyd 'n goeie praktyk om ten minste die EG en pH van die water te toets.

Indien daar vermoed word dat waterkwaliteit 'n wesentlike probleem is, kan 'n volledige waterontleding gedoen word en byvoegmiddels kan soos per aanbeveling gebruik word.

Ons is bereid om met die interpretasie van die verslag te help.

Kontak Brian de Villiers vir meer inligting oor byvoegmiddels en waterkwaliteit by 082 880 0974 of [bdevilliers@villacrop.co.za](mailto:bdevilliers@villacrop.co.za)